# Gebedsbulletin
# No. 22 van 2026
## 31 Mei 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Moenie oneties onthou nie

Ons almal het al die volgende woorde kwytgeraak: “Ek het vergeet.” Wanneer geheue ter sprake is, kom ons almal tekort. Ons almal meen ons kort ’n beter geheue. Nogtans word ’n massa informasie elke dag in ons kop gestoor sonder dat ons dit eens weet. Ons herinneringe word hier verpak by wyse van assosiasies, verhale, smake, geure, kleure en belewenisse.

Dis lewensbelangrik om te weet inligting word nooit objektief, vanaf A-Z in ons kop gestoor nie. Dit word ook nie op neutrale maniere gestoor of later weer herroep nie. Ons geheue koppel gevoelens van pyn, vreugde, geluk en hartseer aan gebeure uit die hede en die verlede.

Nog ’n belangrike feit om te weet: Ons geheue is nie vanself eties of moreel nie. In Bybelse taal uitgedruk: As ons nie gedurig ingryp by hoe ons onthou en hoe ons inligting herroep nie, hou ons kop graag boek van al die kwaad. Dieselfde geld vir sondige begeertes en gedagtes wat ons verhouding met die Here en ander mense negatief beïnvloed.

***Let wel:*** ’n Geheue wat nie bewustelik in toom gehou word nie, verander spoedig in ’n onetiese geheue. Dan stoor ons koppe graag sondige gevoelens, herinneringe en idees. Dan keer dit ook gedurig terug om ons van voor af te teister.

Ons moet die Here gedurig vra om ons geheue met Sy teenwoordigheid te verlig en nuut te maak. Hy moet ons vrymaak van onetiese herinneringe en emosies wat steeds in die donker kamers van ons siel wegkruip. Ons moet anders onthou. Ons moet beter onthou. Ons moet reg onthou, dan leef ons reg.

***deur*** **Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Juanita Rossouw
Marcel Holtzhausen
Janine Vorster
Hettie Singleton
Jaap Naudé
Tannie Sannie Wentzel
Arno Claassen
Dina Roothman
Tiné Pretorius
Tinus Pretorius
Debbie Fourie
Charlie Behrens
Stefanie Joubert




*__Byvoorbaat baie dankie vir jou bydrae’s . . .__*
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede



-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan ‘n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## GEDAGTE VD WEEK







Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in